

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

Jes 69:1 en 2: "Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie."

SAKE vir GEBED:

Marius Lingenfelder is oorlede. Bid vir Amanda en familie.

- * Bid vir herstel vir Michelle van der Mescht.
- * Dra vir Joan Crous en Lizelle Geldenhuys aan die Here op. Albei ontvang behandeling.
- * Bid vir Tina van der Merwe wat nie gesond is nie.
- * Ons dra almal wat tuis verpleeg word aan die Here op en bid vir die families van almal wat siek is.
- * Bid vir al ons studente en matrieks wat eksamen skryf.
- * Bid vir Kleinskool waar daar so hard gewerk word om die Woord aan die inwoners te bring.
- * Bid om seën vir al ons sendingprojekte. Bid dat die Here die saad wat hulle saai, sal seën.
- * Bid ernstig vir MTR Smit. Bid om seën, wysheid en insig vir die personeel vir die beplanning vir 2020.
- * Ons buig laag voor ons Hemelse Vader en pleit Hom om genadig te wees en die sluise van die hemel te open en vir ons land reën te gee waar dit so verskriklik droog is, Dit sluit PE in.

Gebedsversoek vir die week:

* Bid saam met kerke in Koeweit dat hulle toegang sal verkry tot eiendom en geboue. Dit is moeilik verkrygbaar

KERKRAADSLEDE VERKIES

Ouderling Skakeling: Niekie Oosthuizen
Ouderling Kleingroepe: Elizma Harmse
Ouderling Blok BA: Johan Harmse
Diaken Blok GC: Gaynor Swanepoel.

GROOT KERKALMANAKKE

Indien u 'n groot almanak verkies eerder as die kleiner dagboek weergawe, plaas asb u naam op die lys in die voorportaal, of kontak die kerkkantoor. Slegs persone wat voor die einde van Novembermaand bestel het, sal groot almanakke kry.

SONDAG 24 NOVEMBER 2019

09:00 Gesamentlike klassieke kersdiens

Gesamentlike teedrink in saal na erediens.

Daar word asb gevra dat elke gesin 'n bord eetgoed sal saambring.

Deurdankoffer vir Kleinskool Inisiatief

MAANDAG 25 NOVEMBER

12:45-14:00 Gebedsgeleentheid in die gebedskamer vir ons land en spesifiek vir reën. Almal is welkom.

DINSDAG 26 NOVEMBER

19:00 @Leefkerk.

MANNEBYEENKOMS

Die mannebyeenkoms het afgesluit vir die jaar.

SONDAG 1 DESEMBER

09:00: Gesamentlike eietydse diens.

TIENDEMAAND DANKOFFER

Die tiendemaand dankoffer is nog 'n geleentheid om uit dankbaarheid die Here te dien. Ons inkomste vir die Tiendemaand dankoffer is **R141 310.00**.

Baie dankie vir elkeen se bydrae. Ons benodig nog heelwat om by ons begrote bedrag van **R260 000-00** uit te kom.

Maak asseblief die saak biddend met die Here uit. Hoe dankbaar is jy?

HARDNEKKIGE FOPNUUS OOR DIE DIREKTE

BYBELVERTALING

'n Strooiboodskap op Whatsapp doen nou weer die rondte dat die direkte Bybelvertaling wat in 2020 bekend gestel word, nie die Godsdname in hoofletters skryf nie.

Ds Hein Barnard van die Bybelgenootskap in Port Elizabeth sê dat dit 'n blatante leuen is. Hy skryf: Na aanleiding van die fopnuus wat die rondte doen en gelowiges bombardeer met gerugte, kan die inligting by: bybeldirektevertaling.co.za vir alle gelowiges van groot waarde wees.

BYBELBOEKIES VIR JONG KINDERS BY DIE

BYBELGENOOTSKAP

Die Bybelgenootskap laat weet: Ons het onlangs die derde boek in ons reeks van Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies vir jong kinders bekend gestel. My 3de Bybel Doen en Leer Boek bestaan uit ses Bybelstories met kleurrike illustrasies (112 bladsye) en die eerste storie is die geboorte van Jesus. Dit is dus 'n ideale Kersgeskenk om jong kinders te leer waarom ons hierdie spesiale tyd van die jaar vier. Elkeen van die stories word deur wiskunde- en taalaktiwiteite gevolg wat op die stories van toepassing is. Die boek

bevat ook verskeie lyntekeninge wat ingekleur kan word. Boekies kan aanlyn bestel word.

GELEENTHEDE OM TE ONDERSTEUN PRETDRAF/STAP

Doxa Deo hou 'n fondsinsameling vir die "People Upliftment Program" wat hul doen. Op **Saterdag 30 November** het hulle 'n 5km pretloop/draf by Framesby skool. Dit begin om 08:00 en inskrywingsgeld is R45-00. Inskrywingsvorme met meer inligting is by ons kerkkantoor beskikbaar.

Aandag al die vroue

Ons soek asb vroue wat kan help om 'n ViA funksie (damesoggend) te reel vir vroeg in volgende jaar!

Kontak vir Dossie (082 957 6084) of Roenel (083 388 5357) as jy kan help.

4X4 VIR DROOGTEHULP

'n Groot poging om fondse in te samel vir droogtehelp vind op Saterdag 30 November vanaf 09:00 by Ford se "Eastern Cape Motors" langs William Moffetweg plaas.

OOS-KAAPLANDSE DROOGTERAMPFONDS

Die Sinodale Kommissie het vandeeweek 'n droogterampfonds gestig. Hulp sal verleen word aan dorpe en boerdery-gemeenskappe wat deur die voortslepende droogte geteister word. Gemeentes en ander donateurs word versoek om bydrae in die volgende rekening in te betaal: NG Kerk Oos-Kaapland, ABSA, 290 581 192, tjekrekening. Merk alle bydraes met die verwysing: droogteramp – slegs donasies wat met hierdie verwysing gemerk word, kan erken word.

Donateurs wat hul bydraes vir spesifieke gemeenskappe wil oormerk kan, wanneer die inbetaling gemaak word, 'n e-pos rig aan me Chantall Vermaak by sinode@ngkok.co.za.

KERSMARK HEIDEVELD NG KERK

Vrydag 29 November vanaf 16:30 en **Saterdag 30 November** vanaf 08:30.

Plek: Heideveld NG Kerk, Dundeeweg, Rowallanpark.

NG KERK PATMOS 6 DESEMBER

Kom deel in 'n aand met **Kersfesklanke en Koos Dup Jannie du Toit** (stem en kitaar) tree saam met **Susan Mouton** (tjello) en **Chanie Jonker** (klavier en akkordeon) op.

Tyd: 18:30

Plek: Patmos, Kaapweg 79.

Koste: R100 per persoon.

Vrugtekoek en sjerrie ingesluit.

Kaartjies te koop by Elizna 083 258 9860, Leana 083 567 3133 of Kerkkantoor Kraggakamma.

Daar word asb mense benodig wat in die klassieke diens sal help met opneem en tel van dankoffers. Musiekbediening in eietydse diens soek mense wat kan help met klank, data, sing en speel van instrumente

KLEINSKOOL INISIATIEF

Ons beplan om in 2020 gevestigde huiskerke te bemagtig met opleiding vir kinderbediening en om goeie materiaal aan hulle te verskaf. Ons is in gesprek met die kinderbediening van EE3 in PE en is gereed om die eerste twaalf voornemende studente met die **Hoop vir Kinders** -program te bemagtig. Die koste van een persoon se opleiding beloop meer as R250. Indien die Here dit op u hart lê, vra ons bydraes om ten minste die eerste twaalf studente te borg. Bo en behalwe die onkoste het ons nog twee matriekleerders wat leerlingraad baadjies benodig en op leerlingraad kampe moet gaan.

Ek vra dat Kraggakamma lidmate hierdie nuwe saak in gebed sal opdra. Ek is egter in my hart oortuig dat dit die pad is wat die Here met Kleinskool wil loop.


Margita Marx 0823374336.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar. Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is. Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

VERBETERINGSFONDS



Hier is 'n barometer wat die doelwit voorstel om die lening van R 600 000 terug te betaal. Die lening is aangegaan om die verbetering in die kerkgebou aan te gaan. Tans is daar R 67 471 ontvang vir die projek. Indien die Here dit op jou hart druk en jy 'n donasie wil maak, merk dit asb. duidelik vir die verbeteringsfonds.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..